higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

6 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

274Q1S2006

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende bestudeer die gedrag van individuele huishoudings, firmas en ondernemings?

A Ekonomie
B Mikro-omgewing
C Mikro-ekonomie
D Makro-ekonomie

1.1.2 Die grootste hoeveelheid belasting wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingevorder word, staan bekend as … .

A inkomstebelasting
B belasting op toegevoegde waarde
C eiendomsbelasting
D maatskaplikesekerheid-belasting

1.1.3 Die belasting ingevorder op invoere en uitvoere deur 'n land se doeane-owerhede.

A Invoerbelasting
B Doanereg
C Aksyns
D Uitvoerbelasting

1.1.4 Watter metoode word gebruik om te bepaal wat die vinnigste manier is om 'n taak te doen?

A Gelykbreek
B Skedule
C Gantt-grafiek
D Kritiekeroete-ontleding

1.1.5 'n … is deel van iets in verhouding tot die hele ding.

A Verhouding
B Proporsie
C Sirkelgrafiek
D Persentasie

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die prys van Brent ru-olie word gemeet in … per vat.

A rand
B dollar
C pond
D euro

1.1.7 … is die koers waarteen een geldeenheid na 'n ander geldeenheid omgeskakel kan word.

A Valuta
B Wisselkoers
C Ruilmiddel
D Buitelandse valuta

1.1.8 Watter EEN van die volgende sal waarskynlik in die markomgewing aangetref word?

A Bevolkingstendense
B Promosie
C Prys van goedere en dienste
D Mededinging

1.1.9 … toon hoe 'n organisasie gestruktureer is en hoe die poste/take in die organisasie met mekaar verband hou.

A Bestuur
B Leierskap
C Organogram
D Organisering

1.1.10 Die proses om 'n onderneming, eiendom of nywerheid van privaat bates na regeringsbeheer of openbare besit oor te dra.

A Bemagtiging
B Privatisering
C Nasionalisering
D Kommersialisering

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Om kapitalisme te verstaan, moet 'n mens die Suid-Afrikaanse ekonomie bestudeer.

1.2.2 'n Skuldbrief is 'n sertifikaat van skulderkenning, wat die maatskappy aan die krediteur gee.

1.2.3 Rente is die prys wat iemand betaal vir die tydelike gebruik van iemand anders se geld.

1.2.4 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die filiaal van die bank wat alle munte en banknote in Suid-Afrika munt en druk.

1.2.5 Die mikro-omgewing bevat die bestuur van die onderneming.

1.2.6 Maatskaplike omgewing is die gedrag van die samelewing en die gevolglike tendense en veranderings met wie hulle in wisselwerking tree.

1.2.7 Daar is geen wetgewing wat die laagste uurlikse loon bepaal wat 'n werkgewer wettiglik aan 'n werker vir 'n taak mag betaal nie.

1.2.8 Gelykbreekontleding kategoriseer produksiekoste as hetsy veranderlike koste of vaste koste.

1.2.9 Veranderlike koste is koste wat nie direk verband hou met die produksie- of uitsetvlak nie.

1.2.10 'n Besending is 'n klomp goedere wat gestuur word om iewers anders afgelewer te word.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 (Monopolie/Oligopolie) is 'n mark waarin daar baie kopers maar net een verkoper is.

1.3.2 Om aandele op 'n aandelebeurs te koop, is 'n voorbeeld van (verbruikers/beleggings)-besteding.

1.3.3 Inflasie word in VPI/BBP) gemeet).

1.3.4 (Huur/Rente) is die vergoeding vir die eiendomseienaar.

1.3.5 Die (missie/planne) is die hoofdoel van 'n onderneming.

(5 × 1) (5)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n *ekonomies aktiewe bevolking* beteken. (2)

2.2 Noem SES aspekte wat deur die makro-omgewing gedek word. (6)

2.3 Definieer die volgende terme:

2.3.1 Koste na landing

2.3.2 Prysopslag (Prystoeslag)

(2 × 2) (4)

2.4 Mimi het 'n ontwerpersrok van Wish Online Shopping in die VSA bestel. Die koste van die rok is $75 en die wisselkoers is $1 = R16,12.

Bereken wat die invoerprys van die rok sal wees, in randwaarde. Toon berekenings. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 In jou eie woorde, wat beteken dit *om gelyk te breek*? (2)

3.2 Noem VIER voorbeelde van wetgewing wat op Suid-Afrikaanse ondernemings betrekking het. (4)

3.3 Wat is die TWEE faktore wat aanleiding gegee het tot globalisering? (4)

3.4 Beskryf die gemengde ekonomiese stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (2)

3.5 Noem DRIE voordele van die gemengde ekonomiese stelsel. (6)

3.6 Verduidelik kortliks en gee 'n voorbeeld van elk van die volgende omgewings.

3.6.1 Tegnologiese omgewing (3)

3.6.2 Institusionele omgewing (3)

3.7 Watter tipe mededingende voordeel kan ondernemings vinnig realiseer tydens Eskom se voortdurende kragonderbrekings? (4)

3.8 Verduidelik kortliks hoe 'n verbetering in infrastruktuur landelike gemeenskappe kan bevoordeel. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

3.9 Veronderstel die rand appresieer met 12,5% teen die euro en die wisselkoers van die rand teen die euro €1 = R11,09.

3.9.1 Bereken die nuwe wisselkoers.

3.9.2 Hoe kan die appresiasie van die rand Suid-Afrikaners se lewensgehalte verhoog?

(2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

RAND DAAL TOT NUWE REKORDLAAGTEPUNT



Die rand het weereens tot 'n rekordlaagtepunt teen die dollar gedaal, en verhandel teen R17,99. Daar was reeds waarskuwings oor die uitwerkings wat dit op die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die land se onmiddellike ekonomiese toekoms sal hê.

[Bron: *www.Eyewitness-News Julie 2018*]

4.1 Wie is die huidige goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank? (1)

4.2 Verduidelik DRIE funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. (3 × 2) (6)

4.3 Die verswakte rand gee aanleiding tot inflasie.

Verduidelik die term *inflasie.* (2)

4.4 Noem SES ekonomiese aanwysers vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, buiten die inflasiekoers.. (6)

4.5 Verduidelik hoe die daling in die land die koste na landing sal beïnvloed. (3)

4.6 Waarom glo sommige mense sat 'n swak rand Suid-Afrikaanse uitvoerders bevoordeel? (2 × 2) (4)

4.7 Verduidelik kortliks VIER maniere waarop die Suid-Afrikaanse Reserwebank die styging in die inflasiemikpunt wat deur die regering gestel word, kan beheer. (4 × 2) (8)

4.8 Onderskei tussen *enkelvoudige rente* en *saamgestelde rente.* (2 × 2) (4)

4.9 In 2018 het die Minister van Finansies 'n verhoging in BTW aangekondig, van 14% tot 15%.

Watter negatiewe uitwerkings het 'n BTW-verhoging op Suid-Afrikaanse huishoudings? (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

ENTERPRISE-FABRIEK GESLUIT NA LISTERIOSE-UITBRAAK



In Maart 2018 het Tiger Brands, 'n vleisverwerkingfabriek in Germiston-Oos, sy bedrywighede opgeskort nadat dit aan die lig gekom het dat sy produkte die bron van die listeriose-uitbraak is.

[Bron: *@SABC newsonline, 5 Maart 2018*]

5.1 In watter sakesektor doen Tiger Brands sake? (2)

5.2 Identifiseer die sake-omgewing wat deur listeriose beïnvloed word. (2)

5.3 Watter uitwerkings het listeriose op huishoudings? (4 × 2) (8)

5.4 Beskryf VIER negatiewe uitwerkings van die tydelike sluiting van Tiger Brands se fabriek op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 × 2) (8)

5.5 Noem VIER moontlike gevolge indien die Tiger Brands-fabriek nie aan arbeidswette en -regulasies voldoen nie. (4)

5.6 Verduidelik hoe die Tiger Brands-fabriek die volgende strategieë tot hul voordeel kan gebruik:

5.6.1 Herontplooiingstrategie (3)

5.6.2 Gebeurlikheidstrategie (3)

Kopiereg voorbehou

5.7 Weens die uitbreek van listeriose het mnr Mbeki besluit om 'n slaghuis te open wat vleis plaaslik in Germiston, oos van Johannesburg, verkoop. Hy het 'n nuwe yskas vir die slaghuis vir R10 000 gekoop. 'n Deposito van 10% word gevra. Hy sal dit maandeliks afbetaal teen 20% per jaar, en die totale bedrag sluit 'n huurkoopfooi van R600 in.

Bereken hoeveel dit maandeliks vir die volgende drie jaar sal kos, teen enkelvoudige rente. Toon alle berekenings. (10)
[40]

VRAAG 6

6.1 Noem VYF tipes markaandele. (5)

6.2 Watter uitwerking het die voortgesette styging in die prys van Brent ru-olie op die ekonomie? (3 × 2) (6)

6.3 Verduidelik hoe toerisme armoede kan verlig. (2 × 2) (4)

6.4 Beskryf die uitwerkings van toerisme op 'n land se BBP. (2 × 2) (4)

6.5 Wat is *produktiwiteit?* (2)

6.6 Noem TWEE punte waarom hoë produktiwiteit tot 'n onderneming se voordeel strek. (2 × 2) (4)

6.7 Onderskei tussen *veranderlike koste* en *vaste koste.* (2 × 2) (4)

6.8 Black Coffee is 'n musiekprodusent wat sy 700 CDs na Italië wil uitvoer. Die totale koste aangegaan om een CD te produseer is R45 en die verpakking is R7,50 vir 70 CD's. Die verskepingsmaatskappy vra R450 vir 400 CD's.

6.8.1 Watter geldeenheid word in Italië gebruik? (1)

6.8.2 Bereken die totale koste om 700 CD's na Italië uit te voer. (4)

6.8.3 Bereken hoeveel Black Coffee sal betaal om 700 CD'[s na Italië uit te voer as die wisselkoers €1 = R15,45 is. (2)

6.8.4 Bereken hoeveel 'n plaaslike mark vir een CD sal betaal as die onderneming 'n 25%-wins wil maak. (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou